

# Bokkie opvoedkundige naskool

Beste voornemende ouers,

Wat ‘n voorreg om die hoof van so ’n uitnemende naskool te wees. Van die eerste intrapslag weet jy net dat kinders hier wíl wees. Elke glimlag, elke drukkie en elke poging om elke dag hul beste te lewer, getuig hiervan. Min dinge verbly ons harte soos die vordering van elke kind. Ons sien dit in hul selfvertroue, sosiale inskakeling en hul mooi vorderingverslae aan die einde van elke jaar.

Skakel my gerus indien jy self die Bokkie-verskil wil ervaar of val sommer in vir ‘n heerlike koppie koffie.

Vriendelike groete

Charmaine Pieterse
hoof@bokkienaskool.co.za





BOKKIE
OPVOEDKUNDIGE NASKOOL

- Kundige personeel
- Akademiese uitnemendheid
- Emosionele ontwikkeling
- Kweek ‘n liefde vir lees en leer
- Vaslegging en inskerping van skoolwerk
- Toegeweide buitemuurse personeel
- Vra-na-meer etes



Ons missie:

Bokkie opvoedkundige naskool streef daarna om ‘n voorkeur naskool te wees wat ouers van Laerskool Menlopark ondersteun deur uitnemende akademiese en emosionele ondersteuning aan hul kinders te bied.
Ons skep ‘n gestruktureerde leeromgewing wat nie soos n verlengde skooldag voel nie maar eerder soos ‘n middagtuiste waar elke kind op elke gebied floreer.

Ons neem hande met ouers en pak die groot taak van opvoeding, as ‘n span aan.



**Ons stem saam met die ou Afrika gesegde: “It takes a village to raise a child”**

CHARMAINE PIETERSE
Hoof- Bokkie opvoedkundige naskool

BOKKIE
OPVOEDKUNDIGE NASKOOL

## Vakansieprogramme

Skoolvakansies by Bokkie naskool sorg nie net vir hope pret nie, ons temagerigte programme fokus op die aanleer van die skool se waardes, karakterbou en lewensvaardighede.
Ons “reis” elke Oktobervakansie om die wêreld in 5 dae en verbreed so die kinders se kennis van verskillende lande en kulture. Ons spyskaart word aangepas volgens elke land se unieke kos en kultuur. Ons speel tradisionele speletjies van elke land en leer selfs om in die betrokke taal te groet en te tel.
Ons vakansieprogramme is gratis vir Bokkieleerders en sluit ontbyt, middagete en ‘n laatmiddag versnapering in.
Dagbesoekers: R 160 per dag.

## Naskool fooie 2026

GRAAD 1 NASKOOLFOOIE:

R 2 240 BETAALBAAR OOR 11 MAANDE.

GRAAD 2 TOT 7 NASKOOLFOOIE:

R 2 456 BETAALBAAR OOR 12 MAANDE.

R2 680 NETAALBAAR OOR 11 MAANDE.

BOKKIE FINANSIES:
finansies@bokkienaskool

BUITE DOSENTE WAT HUL DIENSTE AANBIED BY BOKKIE NASKOOL:

LIFE BEAT MUSIEK AKADEMIE:
info@lifebeatmusicacademy.co.za
076 713 1013

SUZETTE FOURIE WISKUNDE SENTRUM:
083 225 0334

